20 000 COPIES WEEKLY

DONDERDAG, 20 MEI 2010

TEL: 042 293 2973; FAKS: 042 293 3957
E-POS: kougaexp@media24.com

Moeg vir misdaad!

ONS is moeg vir die bloed wat vloei as gevolg van misdaad. Ons gevoel is dat misdaad tans buite beheer is en dat mense in Suid-Afrika vrees vir hulle veiligheid. Misdaad is abnormaal en daarom protesteer ons daarteen. Die dag wat ons nie meer protesteer nie, het ons die stryd teen misdaad verloor."

Dit luidens die memorandum wat gister deur plaaslikes wat aan die Protes teen Misdaad deelgeneem het aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) oorhandig is.

Jeffreysbaai-inwoners het deel uitgemaak van nagenoeg 150 000 rooi-geklede mense van honderde dorpe en stede regoor Suid-Afrika wat aan die nasionale protes deelgeneem het.

Die protesaskie is deur Solidariteit, AfriForum en Helping Hand geïnisieer.

Volgens Dean Gilbert, ko-ordineerder van die nagenoeg 200 mense van Jeffreysbaai wat aan die protes deelgeneem het, is die gemeenskap siek en sat om in vrees te leef.

Die memorandum is deur Naretha Nortier, skoonsuster van wyle Cecile Potgieter, die Jeffreysbaaise sakevrou wat verlede jaar wreed in haar huis deur haar tuinjong vermoor is, oorhandig.

"Daar vind elke maand ongeveer 20 inbrake wat met geweld gepaardgaan, op Jeffreysbaai plaas. Dit is hoogtyd dat ons hande vat en saam teen misdaad op Jeffreysbaai staan," aldus Gilbert. Volgens hom, het geweld en misdaad die dorp die afgelope 20 jaar geruk: Deon Verwey van Wavecrest was op 14 Junie 2009 vermoor. Hy was aangeval, vasgebind en deur die inbrekers met 'n skroewedraaier vermoor.

Cecile Potgieter is in Februarie 2009 deur haar tuinjong wreedaardig in haar huis vermoor.

Meer onlangs is Gert Coetzer deur boewe in sy besigheid doodgeskiet.

Volgens Gilbert staan Jeffreysbaaiers saam teen misdaad ter herinnering aan mense soos Deon, Cecile en Gert.

"Mense is moeg vir misdaad. Ons emosies is besig om oor te kook. Nou is die tyd om daardie emosies reg te gebruik en te wys dat ons misdaad nie meer sal duld nie."

Na die oorhandiging van die memorandum het supt. Malibongwe Ntsabo almal bedank vir hul toewyding om saam teen misdaad te staan en het beloof dat die SAPD alles in sy vermoë sal doen om misdaad te bekamp. Hy het Gert Coetzer se moordenaars wat kort na sy moord gevang is as voorbeeld gebruik oor hoe ernstig die polisie oor misdaad voel.

Punte vervat in memorandum:

- Die SAPD moet uitreik na gemeenskappe om beveiligingstrukture te skep
- Verwyder lui, ondoeltreffende en korrupte polisielede
- Die regering moet kennis neem van die groeiende woede oor misdaad en misdaadvoorkoming 'n eerste prioriteit maak
- Gee meer hulpbronne aan die SAPD vir misdaadvoorkoming, met 'n fokus op opleiding
- Maak privaat uitgawes wat vir misdaadvoorkoming aangegaan word, aftrekbaar van belasting
- Hef die moratorium van aanstel van reserviste op
- Implementeer onmiddellik 'n landelike beveiligingstruktuur of stel die kommandostelsel weer in



Naretha Nortier oorhandig die memorandum aan Supt. Malibongwe Ntsabo. Dean Gilbert, organiseerder van die protesoptog is agter.